So is ons verraai (13)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (4)

Uit die voorgenoemde argumente blyk dit baie duidelik dat daar geen sprake kan wees van "onderdrukkende blankes wat daarop uit was om gedurende apartheid die swartman van sy sosio-ekonomiese ontwikkeling te ontneem" nie. Die teendeel is waar: opeenvolgende apartheidsregerings het enorme bedrae geld en energie in swart sosio-ekonomiese ontwikkeling gesteek, soos hieronder in meer besonderhede aangetoon word; en die oorwegings soos hierbo beskryf, het daartoe gelei dat die aanvanklike apartheid ontwikkel het tot 'n beleid van "afsonderlike ontwikkeling" in stede van bloot segregasie te behels (*Rhoodie*).

Die anti-apartheidsaktiviste het die idee dat die swartman se politieke en ander aspirasies in hul tradisionele gebiede bevredig moes word, volhardend in twyfel gebring en die tuislande voorgestel as afgeleë lappies grond in die agterveld waarmee die stedelike swarte nooit enige verband gehad het nie, of alle bande lankal verbreek het. Die realiteit was heel anders: selfs ten spyte van die toestroming van swart arbeid na die mynbougebiede, veral sedert 1886, het sowat 75% van die swartes met die aanbreek van die twintigste eeu in wat later as die "tuislande" bekend geword het, gewoon. Die 1970 sensus het vir die eerste keer 'n effens hoër persentasie swartes in Blank Suid-Afrika as wat in die tuislande voorkom, aangetoon, maar slegs indien trekarbeiders ingetel is. Wanneer die trekarbeiders in Suid-Afrika vanuit ander Afrikastate buite rekening gelaat is, was daar steeds 'n goeie balans tussen die getal swartes wat teen 1970 binne en buite die tuislande gewoon het (*Departement van Inligting: 53*).

Rassistiese houdings

Alhoewel die beginsel van groepsbehoud meestal van die positiewe perspektief van *behoud sonder degradering* van ander groepe uitgegaan het, soos hierbo aangetoon, moet 'n mens erken dat daar in suidelike Afrika, (soos in ander multikulturele gemeenskappe) wit sowel as nie-blanke gemeenskappe nie ontdaan was van 'n gesindheid om op mekaar neer te sien nie. Dit blyk duidelik uit die volgende aanhaling uit die blad "*Indian Opinion*" van 1905, geskryf deur 'n Indiër aktivis, ene Mahatma Ghandi: "*One can understand the necessity of registration of Kaffirs who will not work, but why should registration be required for... Indians who have become free...?*"

Dieselfde Ghandi het ook in 1905 só geprotesteer teen swartes wat toegelaat was om in 'n Indiërwoongebied te vestig: "*Why, of all places in Johannesburg, the Indian location should be chosen for dumping down all Kaffirs of the town, passes my comprehension... About this mixing of the Kaffirs with the Indians I must confess I*

© 2020

feel most strongly. I think it is very unfair to the Indian population... an undue tax on even the proverbial patience of my countrymen" (Aangehaal in *Du Preez: 51*).

Met die soort swart/wit geskiedenis waarop die Boer in 1948 teruggekyk het, het Ghandi ongetwyfeld nie alleen gestaan in sy afkeer van swartes nie. Die motivering vir die Boere-Afrikaner se beleid en gedrag ten opsigte van die swarte, was egter nog altyd *selfbehoud* eerder as *haatdraendheid*. Dit kom duidelik na vore uit die feit dat hulle nooit die Negroïede volke hier uitgeroei het, soos ander blankes elders in die wêreld met die inheemse bevolkings gedoen het nie — dít, ten spyte van die geweldige verliese in lewens en eiendom wat hulle deur die eeue aan die hand van die swartes gely het. Besonderhede hieromtrent is in afdelings 4.2, 4.3 en 4.5 hierbo verskaf.

Apartheid gemeet aan die ANC-houding

Die motivering van selfbehoud eerder as haatdraendheid is ook geïllustreer deur die gedrag van apartheidsleiers teenoor swartes. Gedurende die ganse bewind van die Nasionale Party sedert 1948 het nie ’n enkele een van sy parlementariërs — van die Eerste Minister tot junior agterbankers — swartes belaster soos Ghandi gedoen het nie; om nie eers te praat van openbare aanhitsing tot volksmoord soos wat Zuma op 8 Januarie 2008 tydens die honderdjarige bestaan van die ANC op Bloemfontein gedoen het nie:

“Come together all the winners
We are going to shoot them
With the machine gun
They are going to run
We are going to shoot them
With the machine gun
They are going to run
You are a Boer
We are going to hit them
And you are going to run
Shoot the Boer
We are going to hit them
And you are going to run
We are going to shoot them
With the machine gun
They are going to run
Shoot the Boer
the Cabinet will shoot them
With the machine gun

© 2020

Shoot the Boer...”

(https://www.youtube.com/watch?v=6fzRSE_p1Ys).

In skrille kontras met hierdie openlike rassistiese haatkampanje wat Zuma voer teen medelandsburgers wat as belastingbetalers mildelik tot sy uitspattige lewenswyse bydra, het opeenvolgende NP-regerings en -leiers op ’n fatsoenlike wyse van swartes gepraat. Aanvanklik is daar na hulle as “Bantoes” verwys (dit beteken “mense” in hulle eie taal). Die internasionale stortvloed van propaganda teen Apartheid Suid-Afrika was egter so belaglik en heftig dat die swartes se eie woord vir “mense” uiteindelik ’n rassistiese konnotasie verwerf het en die woord “Bantoe” uiteindelik uit die amptelike terminologie weggelaat is.

© 2020